Prosedure 'n eerste in Afrika

PETRO BOSMAN

'n NUWE laparoskopiese prosedure wat gebruik maak van enkelgaatjie-chirurgie, die "Single Incision Laparoscopic Surgery" of Sils soos dit algemeen bekend staan, is op Woensdag 15 Oktober die eerste keer in Afrika op 'n pasiënt uitgevoer.

Dr. Jonathan Leith, die spesialis-chirurg wat die operasie by die Panorama Medi-Clinic uitgevoer het, sê basies word 'n enkele gaatjie in plaas van verskeie tydens chirurgie gemaak. "Dit is 'n baie nuwe prosedure waarmee maar die afgelope paar maande in die buiteland begin is. Ek is in September vir opleiding na Frankryk en verlede Woensdag kon ons die eerste galblaas-operasie met die enkelgaatjie-prosedure uitvoer."

Die voordele van dié tegniek is dat 'n snit by die naeltjie ("bellybutton") gemaak word en dit heeltemal onsigbaar is, sê Leith. "Die pasiënt ervaar ook minder trauma deur die buikwand en hoef nie die pyn van byvoorbeeld vier gaatjies te ervaar nie. Die tydsduur van die operasie is min of meer dieselfde as die gewone prosedure, sowat 45 minute. Ons eerste pasiënt wat die nuwe prosedure vir 'n galblaas ondergaan het, was 'n vrou en sy is die oggend ná die vorige middag se operasie al huis toe."

Op hierdie stadium word die soort tegniek nog net vir galblaas- en blindedermoperasies gebruik, maar hopelik kan dit in die nabye toekoms in ander gevalle ook gebruik word, sê Leith.



Dr. Leith met van die nuwe toerusting waarmee die prosedure uitgevoer word. Foto: Petro Bosman